I.M.S.

Vol. 1, No. 71

MUNISIPALITEIT MUNICIPALITY

STELLENBOSCH

28 Januarie 1966.

## WYLE DR. JAPIE HEESE

Die heengaan gedurende die vakansie van die alombeminde dr. Japie Heese het as 'n skok gekom vir sy wye vriendekring dwarsdeur die Republiek. Dr. Heese het groot bekendheid verwerf as 'n leier van die Voortrekkers wat hom vir meer as 40 jaar vir hierdie Jeugorganisasie beywer het. Vir die lang tydperk van 30 jaar was hy Hoofsekretaris van die Voortrekkers en in 1959 het die onderskeiding hom te beurt geval om as Hoofleier gekies te word. Dit het hy tot aan sy dood gebly.

Die Stadsraad het op sy jongste vergadering hulde gebring aan die nagedagtenis van dr. Heese en die uitmuntende diens wat hy aan die jeug van Suid-Afrika bewys het, geloof.

Aan mev. Heese en haar kinders wil ons langs hierdie weg die meegevoel van die Stadsraad oorbring vir die smartlike verlies wat hulle gely het.

## ONS POSMEESTER

Tot my spyt moet ek meld dat ons Posmeester, mnr. Marthinus Johannes du Toit, op die punt staan om ons te verlaat, aangesien hy met bevordering oorgeplaas word na die kantoor van die Afdelingskontroleur in Kaapstad.

Mnr. Du Toit het in 1963 hierheen gekom en gedurende sy termyn hier is die plaas-telefoonlyne by die outomatiese stelsel aangesluit. Verlede jaar moes die hoofposkantoor sak en pak verhuis na 'n tydelike gebou tot tyd en wyl noodsaak-

like veranderings en uitbreidings aan die hoofgebou aangebring is. Mnr. Du Toit het self 'n ernstige behuisingsprobleem gehad totdat die Staat die wyse stap gedoen het om 'n amptelike woning vir die Posmeester aan te skaf.

Ten spyte van al die moeilikhede, het mnr. Du Toit sy pligte met nougesetheid en vriendelike hulpvaardigheid nagekom. Die Stadsraad het altyd die grootste samewerking van mnr. Du Toit ontvang. Daarvoor bly ons hom dankbaar.

Namens die hele gemeenskap wil ons mnr. Du Toit bedank vir sy dienste en hom voorspoed en sukses toewens op sy verdere loopbaan.

Mnr. Du Toit word opgevolg deur mnr. F. J. Richter van Potgietersrust.

## EKSAMENUITSLAE

Ons het gehoop om in hierdie week se rubriek 'n opsomming te gee van die Senior Sertifikaatuitslae van die vier hoërskole op ons dorp — drie blanke skole en die een Kleurlingskool. Die onderwysowerhede verbied egter die skole om hulle uitslae aan die pers beskikbaar te stel met die gevolg dat ons by almal 'n bloutjie geloop het. Oor die meriete van so 'n verbod wil ons geen kommentaar lewer nie. Ons is egter bewus daarvan dat alle skole dit nie so streng nakom nie, want van tyd tot tyd verskyn in die dagblaaie wel uitslae van Kaaplandse skole.

Ons het alle rede om aan te neem dat ons skole, net soos in die verlede, weer goed gevaar het en ons gelukwensing gaan dan ook uit aan onderwysers, sowel as leerlinge. In die besonder wil ons verwys na die prestasie van Jurie Conradie, seun van ds. en mev. W. S. Conradie, wat eerste geplaas is in Kaapland. Dit is besonder gepas dat hierdie onderskeiding juis behaal is in die Eeufeesjaar van die Paul Roos-Gimnasium.

## DIE JAN MARAISPARK

Teen die einde van verlede jaar het ek gemeld dat die Jan Maraispark-Veldblomreservaat gesluit sal wees tot 15 Januarie vanjaar om sekere noodsaaklike opruimingswerk te doen.

Intussen is die Park weer heropen sonder dat al die werk voltooi kon word. Sekere formaliteite in verband met die proklamering van die Park as een net vir blankes is ook nog nie afgehandel nie, maar geniet nou die aandag.

Die behoeftes van die Kleurlinggemeenskap is nie oor die hoof gesien nie en 'n stuk grond ten noorde van die ou Peerboord in Idasvallei is vir dié doel afgesonder. 'n Beraming van koste om noodsaaklike dienste aldaar te verskaf word nou deur die Ingenieur gedoen en 'n verdere mededeling sal eersdaags gemaak word.

---

4th February, 1966.

**VACANCY ON THE COUNCIL.**

With the resignation of Mr. E. S. Swart from the Council, Councillor M. M. de Vries Basson becomes the Chairman of Public Works, Councillor J. F. Uys is the new Chairman of Building Plans while Councillor Dr. J. C. de Wet has assumed responsibility for the affairs of the Fire Brigade.

Nomination day for the purposes of filling the vacancy on the Council will be 22nd February, 1966, and if necessary, an election will be held on the 16th March, 1966.

**TIME-TABLE FOR IRRIGATION WATER.**

The Council's attorneys, Messrs. Markotter & Vosloo, have brought the irrigation water time-table up to date and have provided the Council with all the details.

All owners concerned have already been advised of the times allotted to them, and I must appeal to them to observe these in order to avoid complications and disputes.

**INTERVIEWS WITH GOVERNMENT DEPARTMENTS.**

During the past week Councillor Blommaert and myself had occasion to hold discussions with the Departments of Bantu Administration and Water Affairs in Cape Town. The Divisional Council of Stellenbosch is proceeding with its plans to build a Bantu Township at Eerste River and in view of this

all interested parties were privileged to meet the Deputy Minister, Mr. M. C. Botha, and his senior officials. At this stage it is doubtful whether the Municipality of Stellenbosch will be associated with the Divisional Council in this undertaking.

With the Secretary for Water Affairs, Mr. Jordaan, we discussed different municipal projects as they are affected by the proposed water conservation scheme in the vicinity of Koelenhof. This includes the overhead railway bridge at Du Toit Station as well as the whole system of main roads in that area. Mr. Jordaan was most helpful and with the assistance of Mr. Hennie Smit, M.P., it is hoped that all the obstacles which are presently retarding progress, will be eliminated. Subsequently I had a long discussion with Mr. Niemand, Secretary for Community Development, regarding the housing problems at Stellenbosch. Mr. Niemand is adament that greater progress should be made in the execution of the different housing schemes. I have already had occasion to discuss Mr. Niemand's observations with members of the Council and it is our intention to concentrate as much effort as possible on these projects.

---

11 Februarie 1966.

**ONS WATERPOSISIE:**

Terwyl die res van ons land die afgelope weke heerlike reëns gekry het, was die Boland oor die algemeen warm, droog en winderig. Stellenbosch was in dié verband geen uitsondering nie, met die gevolg dat die waterverbruik in ons dorp konstant hoog gebly het, sonder dat die beskikbare voorraad noemenswaardig aangevul is. Binne die volgende paar dae sal die studente begin aankom en dan moet ons verwag dat die daaglikse verbruik skerp opgestoot sal word.

Dit alles wek 'n geringe mate van besorgdheid wat dit vir my nodig maak om 'n waarskuwende woord in verband met die verbruik van water te uiter. Namens die Stadsraad wil ek 'n beroep op al ons mense doen om water so spaarsaam as moontlik te gebruik en veral die natspuit van tuine en grasperke in te kort. Die afgelope week is daar reeds 'n mate van moeilikheid in Welgelegen ondervind, hoofsaaklik omdat die verbruik

van water gedurende die nag in ons dorp so hoog gebly het dat die reservoir in Welgelegen nie kans gekry het om snags vol te loop nie. Nadat ons 'n beroep op die inwoners in daardie gebied gedoen het om minder water te gebruik, het die posisie gou verbeter. Graag bedank ek almal daar vir hulle pragtige samewerking. Vir al ons dorpsbewoners wil ons vra om oorleg en spaarsaamheid aan die dag te lê by die gebruik van water gedurende die volgende paar weke.

Intussen gaan ons voort met die beplanning van 'n tweede opgaardam in Idasvallei en word die **finale** planne van die konsultante later hierdie maand verwag. Ons mik daarop om teen Augustus vanjaar met die konstruksiewerk te begin.

**ONS REPUBLIEKFEES:**

Daar is reeds tevore melding gemaak van die samestelling van 'n komitee wat belas is met die reëling van Stellenbosch se Republiekfees op 11 Mei vanjaar. Hierdie komitee het intussen vergadering gehou en heelwat vordering met die opstel van die program vir die dag gemaak, besonderhede waarvan later bekend gemaak sal word.

Intussen is ek deur die komitee gevra om die publiek daaraan te herinner dat ons Vlag een van die belangrikste simbole is waar die Republiekfees van 1966 om gebou moet word. Met dit in gedagte wil ons die hoop uitspreek dat voor of op elke huis en elke sakegebou die landsvlag gedurende die feestyd sal wapper. Laat ons almal saamwerk om 'n ware feesatmosfeer in ons dorp te skep. Persone wat daarin belang stel om 'n eie vlag en vlagpaal te bekom, moet met mnr. A. J. Dippenaar by Verbruikerskoöperasie in verbinding tree.

**ALLERLEI:**

Met die restourasie van die geboue in Dorpstraat kon daar nog nie begin word nie, omdat die formaliteite i.v.m. die oordrag van die eiendomme vanaf die Staat aan die Stadsraad nog afgehandel moet word. Van die Openbare Werkedepartement in Kaapstad het ons verneem dat 'n finale beslissing uit Pretoria enige dag verwag word.

Die Raad het so pas besluit om 'n gedeelte van die Bergzicht-terrein dadelik vir parkering gereed te maak.

Die grond sal skoongemaak word en in- en uitgange tot die terrein op gerieflike plekke aangebring word.

---

18th February, 1966.

**DISPOSAL OF WINERY EFFLUENT**

This is a matter which has been causing considerable irritation in certain areas of our town due to the unpleasant odours which are created by the decomposing effluent. Furthermore, the Departments of Water Affairs and Fisheries have lately taken a serious view of the pollution of the rivers into which untreated effluent may find its way.

Experiments to render the effluent harmless have been conducted for some considerable time and I can recall the time when we were associated in a pilot plant project with the C.S.I.R., surrounding municipalities as well as the industries concerned. That was about 15 years ago.

It would seem as if a final solution to the whole problem has at last been found thanks to the efforts of the Steering Committee which consisted of our own engineers, our consultants and representatives of the National Institute of Water Research. A meeting of this Committee has just taken place at Stellenbosch and was attended by no less a person than Dr. G. J. Stander, Director of the Institute of Water Research and also by Dr. G. G. Cillie who is in charge of the Cape Regional Laboratory of the Institute. It was decided at this meeting that full-scale experiments will still be conducted at the Outfall Works during the distilling period which is on hand. On the 16th of June a Conference of all bodies concerned with the effluent problem is to be held at Paarl to discuss the implementation of the results achieved. Matters such as the designing of the permanent plant to deal with the effluent and the financial responsibility of the different parties will receive attention at this Conference.

**DEVELOPMENT WORKS AS AFFECTED BY THE DAM PROJECT IN CLOETESDAL AREA**

I referred to this some time ago and expressed concern at the fact that the Municipality was being hampered in the

planning and execution of certain major projects, due to the fact that uncertainty prevailed about the actual siting and extent of the water conservation scheme which is under consideration by the Department of Water Affairs. The schemes I had in mind were the bridge over the railway north of Du Toitville and the whole complex of roads leading to and from the bridge as well as the Coloured housing scheme at Cloetesdal.

During this week a conference took place in the office of the Secretary for Water Affairs and was attended by Senior Officials of the Railways, the Divisional Council, the Provincial Administration as well as officials of the Municipality. I am happy to state that agreement seems to have been reached on all points at issue. The prospects are now that the Municipality will be allowed to proceed with the planning and execution of its schemes in that area. We are particularly grateful to Mr. H. H. Smit, M.P., for his assistance as well as the kind co-operation of Mr. Jordaan, Secretary for Water Affairs.

**RAILWAY TIME TABLE**

There is at present a Liaison Committee set up by the S.A. Railways Administration to deal with matters concerning railway time tables and other matters which concern the convenience and comfort of people who use the railways regularly. A meeting of this Committee is to take place in Cape Town on 7th March, 1966, and the Council has decided to appoint the Deputy Mayor, Clr. C. W. Marais, to represent it. We shall be pleased if all those who have experienced problems in regard to any matter concerning the operation of the railway service between Stellenbosch and Cape Town will communicate with the Town Clerk as soon as possible, so that the different views and opinions can be properly correlated for submission to the System Manager in Cape Town.

W. C. DEMPSEY